Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 11 Kaapstad, 14 Mei 1952. Prys 3d. No. 24.

# Hulle Teken Self in

Behalwe 'n aantal persone wat uit hul eie ingeteken het op Die O.B. het ons die afgelope week weer drie voltydse lesers bygekry deur die ywerige medewerking van ondersteuners van ons blad. Een intekenaar vir een jaar is onderskeidelik gestuur deur mnre. A. G. Muller, Vasco, A. Bellingar, Kirkwood en H. J. du Toit, Beaufort-Wes.

Hartlik dank aan hierdie lesers vir hul ywer. Hulle doen goeie werk.

**Etlike van die persone wie se name voorheen ingestuur is, het reeds ná ontvangs van die blad self geld gestuur om vir hul intekening te betaal. Ook aan hulle ons dank! Dit behoort 'n aanmoediging te wees vir ons vrywillige werwers.**

# Russe Het Reeds Waterstofbom

**Die besonder ernstige onthulling dat Rusland teen 1954 reeds 'n voorraad waterstofbomme sal besit, is verlede maand deur generaal Carl Spaatz, wat tydens die oorlog lugstafhoof van die Verenigde State was, gedoen in sy getuienis voor die senaatskomitee wat ondersoek instel na oorlogsvoorbereiding.**

Hierdie skokkende feit, wat inhou dat Rusland reeds besig moet wees met die vervaardiging van die reus onder die reusewapens, het om die een of ander rede nie die aandag van die wêreldpers geniet nie. Met uitsondering van een Londense koerant, die Daily Express, het geen ander Engelse koerant die berig geplaas nie. In Suid-Afrika is ook niks daaromtrent verneem nie.

Intelligence Digest, wat op hierdie feite wys, verklaar dat **generaal Spaatz se stelling ooreenslaan met die inligting wat die blad se organisasie reeds geruime tyd oor beskik. In die eerste helfte van 1950 het die Russe voorlopige toetse in verband met die waterstofbom gedoen, en die eerste volledige proefneming met dié bom sal gedurende Julie hierdie jaar uitgevoer word onder toesig van Pontecorvo, die Britse wetenskaplike wat 'n paar jaar gelede na Rusland ontsnap het.**

# UIT EIE MOND 'N KOMMUNIS

**In sy getuienis voor die parlementêre komitee wat met die ondersoek na sy kommunistiese verbintenisse belas was, het mnr. Sam Kahn onder meer erken dat hy sedert sy studentedae lid van die Kommunistiese Party was, en dat hy nog geen een van sy beginsels verander het nie.**

Op versoek het hy die ampte waaraan hy binne die party verbonde was opgenoem. Hy was lid van die Kaapse distrikskomitee van die „Politburo," van die sentrale komitee en van die sentrale uitvoerende komitee van die voormalige Kommunistiese Party van Suid-Afrika.

Hy het erken dat daar wel kontak tussen die Kommunistiese Party in Suid-Afrika en die Kominform (van Moskou) kon bestaan het. Voor sy ontbinding in 1943 was die party ook met die Kommunistiese Internasionale verbind.

Volgens 'n toespraak wat mnr. Kahn op die Parade in Januarie 1950 gehou het, het hy gesê: „Ons kommuniste is trots op ons verlede hier in Suid-Afrika en ons is trots op die oorwinnings van ons kommunistiese kamerade in ander dele van die wêreld."

**Ten spyte van hierdie erkennings het die V.P.-lede op die komitee „bevind" dat mnr. Kahn nie voor die afkondiging van die wet „die verwesenliking van die oogmerke van die kommunisme bepleit, verdedig en aangemoedig het nie!"**

# OPPOSISIE TOON HOE VER PARTYBELANG KAN GAAN

**Tot watter afstand die partypolitiek menslike handelinge beheer, het andermaal aan die lig gekom in verband met die parlementêre komitee se bevinding van mnre. Sam Kahn en Fred Carneson as kommuniste.**

**Dit blyk dat al die lede van die Verenigde Party op die komitee teen die belangrikste bevindings gestem het. Hierdie bevindings lui:**

**„Dat daar geen omstandighede is wat die skrapping van hul name van die lys (wat hulle as kommuniste „noem") sou regverdig nie."**

**„Dat albei van hulle kommuniste is soos in artikel I van die wet omskryf."**

**„Dat voor die afkondiging van die genoemde wet, albei betuig het dat hulle kommuniste is en, daarbenewens, die verwesenliking van die oogmerke van die kommunisme soos in art. I omskryf, bepleit, verdedig en aangemoedig het."**

**„Dat voor en na die afkondiging van die wet, albei lede doen en late bepleit, verdedig en aangemoedig het wat daarop bereken was om die verwesenliking van die oogmerke van die kommunisme, soos in die wet omskryf, te bevorder."**

Die bevinding van die kommissie dat die twee lede albei voor die afkondiging van die wet betuig het dat hulle kommuniste is, is vir die algemene publiek nie in die minste nuus nie. Voor die aanname van die wet het hierdie twee manne daarmee gespog dat hulle kommuniste is, **maar die verteenwoordigers van die V.P. in die komitee bevind in stryd met hierdie gemeensame feit dat die twee lede nooit as kommuniste deurgegaan en nooit die verwesenliking van die oogmerke van die kommunisme omskryf, bepleit, verdedig en aangemoedig het nie!**

**Kan mens jou iets meer grotesk voorstel!**

**Die enigste rede vir hierdie uiters sonderlinge optrede is dat hierdie lede aan „Haar Majesteit se Opposisie-party" behoort en dus die plig en taak dat hierdie lede aan „Haar Majesteit se Regering" teen te staan en te probeer verydel.**

### WATTER HOOP?

**Wanneer mense wat in so 'n posisie van verantwoordelikheid staan dat hulle oor die hoogste belange van die volk beslis, manne wie se doen en late beklee is met die so hoog geprese „parlementêre soewereiniteit" wat alle gesag onder die son verduister — as sulke manne bevind dat mense wat hulself in die openbaar kommuniste genoem het, nooit kommuniste was nie, net omdat opposisieskap dit van hulle verg, watter hoop het 'n volk onder so 'n stelsel dat 'n opposisieparty enige ander landsbevorderende maatreël sal goedpraat of ondersteun? Tot watter mate sal so 'n opposisieparty dan nie aan die volk beduie dat swart wit is nie! Tot watter mate MOET so 'n party dan nie elke segregasie-maatreël van die regering teenstaan en as die aakligste wanbeleid en willekeur voorhou nie! Hoe kan so 'n party ooit toegee wat die volkswil is as hy selfs nie wil toegee dat mense wat hulleself kommuniste genoem het dit was nie!**

Hierdie optrede van opposisielede het nog nie aan die volk getoon presies waar die breekpunt van partybelang lê nie — waar partybelang sal swig vir volksbelang nie. Al wat dit aan die vo'k getoon het, is dat daardie punt baie verder moet lê as die breekpunt van volksbelang. Ons volk sal al lankal soos 'n oorverhitte stoomketel uitmekaar bars dan sal die veiligheidsklep van die partypolitiek nog nie in werking kom nie.

### VERKLAAR HOUDING

Hierdie optrede van die opposisie-party verklaar terselfdertyd nou die onverklaarbare uitlating van dr. Malan op sy party-kongres verlede jaar in Oos-Londen, naamlik dat die Nasionale Party dit oorweeg om die volgende verkiesing te hou oor die vraagstuk van oorhandiging van die Britse Protektorate. Dit is 'n welbekende feit dat die Verenigde Party tydens sy bewind in die laat dertiger jare veel verder gegaan het in sy beywering vir die oordrag van die Protektorate as wat die huidige bewind, wat die Britse regering nog nie formeel oor die saak genader het nie, tot sover gedoen het. **Die Verenigde Party is dus in beginsel net so ten gunste van oordrag van hierdie gebiede as die Nasionale Party, en tog het dr. Malan gedreig om daaroor 'n verkiesing te hou teen die Verenigde Party. Ná die optrede van die V.P.-lede in die geval van Kahn en Carneson, moet dit vir die volk duidelik wees dat die V.P. inderdaad die Nasionale Party in 'n verkiesing sou teengestaan het oor die vraagstuk van die Protektorate, en dat dr. Malan as ervare partypolitikus so seker hiervan was dat hy sy afgevaardigdes reeds byvoorbaat kon meedeel dat hy 'n verkiesing gaan hou oor die oordrag van die Protektorate — ondanks die feit dat die V.P. in 1939 so byna daarin geslaag het om die oordrag te bewerkstellig!**

### IN DIENS VAN HAAR MAJESTEIT

**Nou, as dit dan die posisie is binne die partystelsel — dat die helfte van die volk min een deur middel van hul party feite teen hul eie beterwete en die beterwete van die volk moet ontken, en beleid wat hulle self probeer uitvoer het moet weerstaan net omdat hulle die geroepe opposisie van Haar Majesteit is — en deur dit te doen bevorder kan word tot „Haar Majesteit se Regering" — watter nerf van 'n hoop het ons volk om die kolossale vraagstukke wat sy bestaan oortoring ooit met die verenigde kragte wat daarvoor nodig is op te los? Hoe op aarde kan verenigde optrede ooit verkry word wanneer daar nie eers ooreengekom kan word dat 'n man wat homself 'n kommunis genoem het 'n kommunis was nie?**

**Wanneer 'n party wat hom vir die oordrag van die Protektorate beywer het, hom weer teen daardie oordrag moet beywer sodra hy in die opposisie is?**

### HERTZOG SE POGING

Genl. Hertzog het teen hierdie selfde moeilikheid te staan gekom toe hy indertyd sy naturellewetgewing wou deurvoer. Hy het die moeilikheid oorbrug deur met die opposisieparty te verenig as gevolg daarvan 'n nege-tiende meerderheid vir 'n wet gekry waarvoor hy voorheen nie 'n twee-derde meerderheid kon monster nie.

Dr. Malan het verlede week op Porterville gesê dat hy nie te vinde is vir hierdie proefneming van genl. Hertzog nie, en tot 'n mate is hy reg, want die oplossing van genl. Hertzog was net 'n tydelike sukses. **Deurdat hy net die giftige vrug van die boom verwyder het sonder om die boom self uit te haal, het hierdie boom later maar weer nuwe botsels gegee en ons het sedertdien maar dieselfde verydelende party-oorlog gehad. Eers as ons volk die bose boom van die Britse partystelsel self verwyder en dit vervang deur ons eie Afrikaanse regeringsstelsel wat nooit enige amptelike en betaalde opposisie geken het nie, kan ons hoop op daardie mate van eenheid en eerlikheid wat nodig is om ons volk vlot te hou.**

### HERTZOG SE WAARSKUWING

**Dit het genl. Hertzog ook aan die aand van sy lewe besef toe hy in sy laaste groot boodskap aan sy volk gesê het dat die partystelsel die gewisse ondergang van Suid-Afrika sal meebring „indien nie betyds die Afrikaner daartoe kom te ontwaak nie, om te besef watter vernietigende rol in ons volkslewe vandag die parlementêre party-sisteem, deur die politieke party gespeel word. So die Afrikaner nie spoedig ontwaak om in verset daarteen te tree nie, staan hom niks anders as ondergang voor die deur nie."**

# Partye Speel Nou Sonder „Horreltjies"

Onderstaande berig in Die Burger van 6 Mei sal stof tot nadenke verskaf aan daardie ywerige party-ondersteuners — ongeag aan watter party hulle behoort—wat bereid is om hulleself op vergaderings te laat stukkend slaan in hul onwankelbare stryd teen die „vyand."

**„Die Opposisie in die Volksraad het sy verset teen die Regering se krisis-wetsontwerp nou tot die punt gedryf dat hy alle betrekkinge met die regeringsparty verbreek het . . .**

**„Die betekenis van die verbreking van betrekkinge is dat daar geen afparing sal wees van lede wat afwesig wil of moet wees nie ('afparing' beteken dat die opposisie een van hul eie manne buite geveg hou vir elke lid van die regeringsparty wat die 'slagveld' nie kan bywoon nie.—RED.). Dit sal meebring dat Regeringslede voltyds op diens sal moet bly.**

**„Voorts beteken dit dat daar geen samesprekinge of onderhandelinge tussen die Regering en die Opposisie sal wees oor die werksaamhede van die Volksraad nie. Beraadslaging tussen die partye sorg vir die gladde verloop van die werk."**

'n Tee-aand van die Kaapstadse O.B.-lede is op 5 Mei by mej. K. Leers se woning in Victoriastraat gehou. Die opbrengs van die kollekte ten behoewe van ons blad was £4/5/-.

DIE O.B., WOENSDAG, 14 MEI 1952

# ‚KRISIS' 'N MEEVALLER

Die stryd wat die partye in die parlement losgelaat het oor 'n aantal Kleurlingbeheerde setels ontwikkel nou in 'n bloedige „rasse-stryd" waar niemand omtrent meer kan waag om 'n openbare vergadering te hou nie. Die Torch Commando ageer in hierdie stryd as 'n selfbenoemde private polisie-leër van die opponerende party wat deur sy alomteenwoordigheid op politieke vergaderings eerder geweld uitlok as dit te besweer. In sulke omstandighede begin denkende mense, wat nie blind agter die eie party aanloop nie, diep besorgd te raak oor die toekoms van ons land.

In die wydgelese onafhanklike blad Dagbreek stel mnr. Willem van Heerden, die hoofredakteur, 'n oplossing vir die nuttelose stryd voor: Laat die opposisie die regering help om sy wetgewing vir afsonderlike kieserslyste met 'n meerderheid van tweederdes deur te sit, en laat die regering dan afsien van sy voorneme om 'n parlementêre hof in die lewe te roep as hoogste appèlhof. Mnr. Van Heerden ondersteun sy voorstel met logiese argumente, maar daarby kan nog onderstreep word dat die Verenigde Party as opposisie in elk geval sy Kleurlingbeheerde setels gaan verloor sodra die wetsontwerp vir die daarstelling van 'n parlementêre hof aangeneem is en dat daardeur, vanuit V.P.-standpunt, dan twee euwels in die lewe geroep sal word teenoor een. Word mnr. Van Heerden se voorstel aanvaar, hoef die Engelse nie meer bang te wees dat hul taal geskrap sal word met 'n gewone meerderheid wat die parlementêre hof sal handhaaf nie. Dit behoort weer rus en vertroue te bring.

### GROOT LEEMTE

Mnr. Van Heerden se voorstel klink baie redelik, maar dit het een leemte: **dit verloor uit die oog dat die politieke partye iets strydwekkends MOET hê om oor te veg by 'n verkiesing en dat niks hulle op hierdie tydstip beter pas as juis die „konstitusionele krisis" wat hulle na hartelus kan uitbuit op die vooraand van 'n verkiesing nie.** En die feit dat albei partye se pers ewe bedrywig is om die name van nuwe bekeerlinge uit die ander kraal bekend te maak, toon dat albei rede het om te glo dat hulle stemme kan trek met hierdie geskil.

Onder die partystelsel is dit noodsaaklik dat die partye strydkrete moet hê waarmee hulle mekaar beoorlog en die volk op hol kan jaag na die stembus. **Dit is dus elke partyleiding se plig om 'n noukeurige studie te maak van watter vraagstuk hy „na vore kan bring" met die grootste voordeel vir homself.** Dit het dr. Malan as bekwame partyleier in 1944 gedoen toe hy op sy kongres in Pretoria sy volgelinge geadviseer het om vir 'n verandering nou weer (na die ekonomiese „plank" van 1943) die kleurvraag na vore te bring. By die geleentheid het dr. Malan gesê:

> **„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik." (Die Burger, 21 September, 1944, bl. 2.)**

### GESLAAGDE TAKTIEK

Dr. Malan se taktiek het geslaag en in 1948 het sy party aan bewind gekom op die rug van die kleurvraagstuk, maar na 'n paar opspraakwekkende maatreëls in die rigting van apartheid — sommige goed, ander nie diepgaande genoeg nie — het daar nie veel aanskouliks vir 'n volgende bewindstermyn oorgebly nie en die Nasionale Party moes uitkyk na iets waarmee hy die V.P. in 'n hoek kon jaag. **Gevolglik het dr. Malan teen die einde van verlede jaar dit begin oorweeg om die volgende verkiesing te hou oor die kwessie van oordrag van die Britse Protektorate.** Die opposisie-party, wat homself tydens sy bewind vir inlywing van dié gebiede beywer het, sou inderdaad in 'n hoek gedryf gewees het, en sou dr. Malan bloot met argumente van „tyd nie ryp nie", „buitelandse mening te kwaai", „inboorlinge se welwillendheid moet eers gewen word", ens. moes beveg het. Toe kom die regerende party met sy laaste groot kleur-maatreël — afsonderlike lyste vir Kleurlingkiesers — waarmee hy sy posisie by die stembus aansienlik sou verbeter het tot nadeel van die Verenigde Party. Weer was die opposisie in 'n hoek, want die regering was verskans agter die wyd-aanvaarde beginsel van apartheid. **Teen die stemwennende kreet „apartheid" van dr. Malan kon die V.P. maar net die Engelse op hol jaag met die vrees dat die regering dieselfde mag sal „misbruik" om hul verskanste taal te verwyder.** Maar toe die Appèlhof se uitspraak kom, het daar versterking vir die V.P. opgedaag — hoewel ook vir die H.P. Nou het dit vir die V.P. 'n stryd oor die onskendbaarheid van ons regbank geword — 'n saak waaroor nie net Engelssprekendes nie, maar ook baie Afrikaners sterk voel. Vir die Nasionale Party het dit weer 'n volkstryd vir soewereiniteit geword.

**Die uitspraak van die Appèlhof was 'n regte „krismisboks" vir die partye en mnr. Willem van Heerden het indertyd in Dagbreek meegedeel dat albei kante in die parlement breed geglimlag het. Dr. Dönges het teenoor hom opgemerk dat „ons hét mos rede om te lag." Dit was duidelik dat albei partye gevoel het dat hier nou iets uit die lug geval het wat die Protektorate of die hoë lewenskoste heeltemal op die agtergrond gedruk het as ontvlambare materiaal vir die ver-**

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kol.)

**kiesing. En die feit dat die regeringsblaaie tans weier om menings van Nasionaliste oor die Appèlhofuitspraak wat indruis teen hul party-beleid te plaas, onderstreep verder die feit dat die geskilpunt suiwer en alleen ingespan word vir verkiesingsdoeleindes — niks mag gesê word wat die party se verkiesingskanse dalk kan beïnvloed nie. Partydissipline is in werking.**

In sulke omstandighede is dit duidelik dat nòg die een nòg die ander party gehoor sal gee aan voorstelle van onpartydige kant. So 'n murgbeen soos die „konstitusionele krisis" sal nie maklik van die partye afgevat word nie.

**Dit toon maar net weer dat die grondoplossing vir die verslegtende rassebetrekkinge in ons land gesoek moet word by die partystelsel self wat van staatsmanne politieke guerillas maak wie se eerste oorweging moet wees hoeveel ammunisie hulle het.**

# Van die Os op die Esel

### *Gewetensklousule*

Ek sien in die dagbladpers dat die Vrystaatse Sinode van die N.G. Kerk 'n lang bespreking gewy het aan die vraagstuk van 'n tweede universiteit in die Vrystaat en wel op 'n Christelike grondslag. Die organisasie wat hom veral vir hierdie doel beywer is die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, wat deur prof. F. M. J. Potgieter van Stellenbosch daar verteenwoordig was. Die sinode was egter van mening dat 'n tweede universiteit net tot verbrokkeling van kragte sal lei en dat daar ten opsigte van die bestaande inrigting reeds gevorder is in die rigting van C.N.O. Dr. Potgieter het by dié geleentheid aangekondig dat sy vereniging hom gaan beywer vir die skrapping van die sogenaamde „gewetensklousule," dit wil sê om vir universiteitsrade die reg te verkry om navraag te doen na die geloofsoortuiging van dosente by hul aanstelling.

'n Kwarteeu gelede het die stryd om die „gewetensklousule" hoog opgevlam en verskillende kongresse van die Nasionale Party het feitlik met eenparige geesdrif versoek dat die betrokke artikel in die Onderwyswet geskrap moet word. Die destydse minister van onderwys, dr. D. F. Malan, wou egter nie aan hierdie volksversoek gehoor gee nie, en na 25 jaar is die posisie vandag nog so dat ons kinders in al ons universiteite (met uitsondering van Potchefstroom, wat by sy selfstandigwording kort gelede as 'n universiteit vir Christelike hoër onderwys die klousule ondervang het) soos nat klei is in die hande van ongelowige dosente wat hul stempel breed afdruk op die persoonlikhede waaraan vader en moeder met soveel sorg gearbei het.

### *Joodse Erfenis*

Die gewetensklousule is 'n Brits-Joodse erflating uit die jaar 1913. Die geskiedenis sit so inmekaar: In 1906 het 'n Jood met die naam Alfred Beit in 'n boedel £200,000 nagelaat vir die oprigting van 'n universiteit in Suid-Afrika. Die geld moes voor 1916 opgevra word anders moes dit terugval in die boedel. Omstreeks 1910 het genl. Smuts hom vir die aanwending van hierdie erflating begin beywer en het hy aan 'n broer van die oorledene, Otto Beit, van Londen, die versoek gerig om die bedrag te vergroot. Wat genl. Smuts alles teenoor Beit onderneem het, is nie bekend nie, maar hy het dit reggekry om van Otto en 'n ander Jood, Julius Wernher, nog 'n bykomende £300,000 te kry. Met hierdie mooi bedrag van 'n halfmiljoen pond tot sy beskikking het die Unie-minister van onderwys, mnr. F. S. Malan, 'n onderwyswetsontwerp opgestel wat hy eers na Londen moes stuur vir goedkeuring deur die twee Jode. Hulle maak egter beswaar teen die ontwerp en eis „gelyke regte vir almal" en skrapping van die artikel wat die tweetaligheidsbeginsel van die Suid-Afrika-wet aanvaar. Toe hierdie eise in Suid-Afrika bekend geword het, het dit 'n aansienlike storm veroorsaak, veral op Stellenbosch, waar die Victoria-kollege van toe as 'n stigting van die N.G. Kerk nog op godsdienstige grondslag berus het. By die twee Jode kon egter nie verby gekom word nie, en die wetsontwerp moes so verander word om aan hul eise te voldoen. In die praktyk het dit beteken dat ons universiteite vol geprop kon word met Engels-eentalige dosente wat geen verpligting het om Afrikaans aan te leer nie, en veral sou dit ten gevolge hê dat universiteitsrade geen navraag by die aanstelling van dosente mag doen na hul geloofsoortuiging nie. Dit sou byvoorbeeld onwettig wees om 'n wetenskaplike se aansoek te weier op grond daarvan dat hy 'n godloënaar is.

### *Vernederende Toestand*

Hierdie wet, wat oorspronklik vir die Kaapstadse Universiteit bedoel was, het die grondslag gevorm vir al ons universiteite later. Dit het meegebring dat ons universiteite in die afgelope veertig jaar so deurspek geraak het met dosente wat hul wetenskap op die beginsel van die ongeloof stel en selfs verbete ateïste is, dat duisende jong Afrikaners wat in ons volkslewe leiding moet gee — onderwysers, staatsmanne, skrywers, ens. —, hierdie stempel ontvang en dit weer op ander ouers se kinders gaan oordruk nie. Hierdeur is en word die godsdienstige tradisie van ons volk nog verder vernietig.

Dit is een van die mees vernederende toestande in ons land dat 'n volk wat bekend staan as 'n Christelike volk en wat in sy vrye toestand steeds daarvoor gewaak het om sy jeug in dieselfde gees op te voed en daarom alle skole op 'n nasionale en godsdienstige grondslag ingerig het, vir die afgelope veertig jaar duld dat die onchristelike voorskrifte van twee Britse Jode die hoëronderwyswet van ons land moet vorm. Geen Jood in Israel sal vir twee sekondes duld dat uit Suid-Afrika aan hullé voorgeskryf word om hulle kinders Christelik op te voed nie.

### *Hoe 'n Partyleier Brittanje byna Verongeluk het*

Die houding van die Verenigde Party-lede in die gekose komitee van die parlement wat die kommunistiese hoedanighede van mnre. Sam Kahn en Fred Carnison moes ondersoek, het my laat terugdink aan die gevaar waarin die partypolitiek Brittanje voor die vorige wêreldoorlog laat beland het. Net soos hierdie V.P.-lede terwille van party-oorwegings blind is vir die waarheid — so blind dat hulle selfs ontken dat mnr. Kahn en sy vriend was wat hulle gesê het hulle is — so ook was die party van Stanley Baldwin in die jare voor die uitbreek van die oorlog blind vir die waarheid van Duitse bewapening. Die verskil is net dat waar die V.P. as opposisieparty hom nou blind hou, die party van Baldwin destyds as regerende party hom blind gehou het uit vrees vir die opposisie. Die twee voorbeelde gee dus 'n gesamentlike beeld van die euwel van die partystelsel met sy gedwonge opposisieskap: aan die een kant die blinde volharding van 'n opposisie-party om alles teen te staan wat die regering doen, en aan die ander kant die blinde vrees van 'n regeringsparty vir 'n verkiesingsnederlaag.

Toe van Baldwin in 1936 rekenskap geëis is waarom hy Brittanje nie bewapen het in die aangesig van Duitse herbewapening nie, was sy antwoord as volg: „Sedert 1933 was ek en my vriende almal baie bekommerd oor wat in Europa aan die gang was. Op daardie tyd het die ontwapeningskonferensie gesit. Op daardie tyd het daar seker 'n sterker vredesgevoel deur hierdie land gestroom as op enige ander tyd sedert die oorlog. In die herfs van 1933 is 'n setel van die regering in Fulham met 'n meerderheid van 7,000 stemme verloor op die strydpunt van vrede (pasifisme). Die regeringskandidaat wat maar net 'n baie versigtige uitlating oor die vraagstuk van verdediging gedoen het, het 'n kafferpak as gevolg daarvan gekry.

### *Sou Verkiesing Verloor Het*

„My posisie as leier van 'n groot party was nie al te gerieflik nie. Ek het myself afgevra: ‚Watter kans bestaan daar dat daardie gevoel waaraan uiting gegee is in Fulham en wat dwarsdeur die land heers, dermate in die volgende jaar of twee sal verander dat hierdie land 'n mandaat vir bewapening sal gee?

„Nou, veronderstel ek het na die volk gegaan en gesê: ‚Duitsland is besig om te bewapen. Ons moet ook bewapen.' Dink enigeen dat hierdie vredesgesinde demokrasie agter hierdie kreet sou versamel het? Nie op daardie oomblik nie. **Ek kan aan niks dink wat die verlies van 'n verkiesing vanuit my oogpunt beskou gewisser sou gemaak het nie."**

Wat 'n erkenning! Hierdie partyleier erken voor sy hele volk sonder te blik of te bloos dat hy hulle weerloos gehou het uit vrees dat hy die verkiesing sou verloor! En die gevolg van hierdie voorkeur aan partybelang bo landsbelang was dat toe die oorlog in 1939 uitgebreek het, die Britte hulself met haelgewere en skoffels moes bewapen teen 'n verwagte Duitse aanval. Vandag word algemeen erken dat as Hitler sy Duinkerk-oorwinning opgevolg en die kanaal oorgesteek het, die oorlog in 1940 beëindig sou gewees het met 'n onderworpe Brittanje. Net Hitler se vertroue in Britse regskapenheid—hy het gehoop dat Engeland sou inwillig tot 'n gesamentlike oorlog teen Rusland — het Brittanje van so 'n lot gered. En dit sou alles die gevolg gewees het van partypolitiek.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

# HOU ONS REGBANK HOOG

**Adv. J. D. Jerling, Johannesburg, skryf:**

Die konstitusionele krisis waarin ons land op die oomblik verkeer is soortgelyk aan die waarmee president Kruger te kampe gehad het net voor die Anglo-Boere-oorlog toe die kwessie van die reg van toetsing te berde gekom het en dit betaam dus ons regeerders om op hierdie tydstip baie kalm en bedaard te werk te gaan.

Ons sit nou in dieselfde moeilikheid met ons Appèlhof wat eenparig 'n wet van die parlement onwettig verklaar het. Twee van die vyf regters ken ek persoonlik vir die afgelope vyftien tot twintig jaar. Hulle is deur minister C. R. Swart bevorder na die Appèlhof en ek twyfel nie in die minste in watter rigting hulle politieke gevoelens lê nie; maar op die regbank moet hulle in hulle amp as regters die wet uitlê soos hulle dit vind, en dit is veral wenslik dat hulle in hierdie posisie verhewe moet wees bo alle politieke geskille.

Wat bekwaamheid en die regverdigheid van sy uitsprake betref kan ons daarop trots wees dat ons regbank al beroemdheid verwerf het ver buite ons eie grense. Selfs Suid-Rhodesië huiwer nie om ons Appèlhof as sy hof van appèl aan te neem nie. Soos eens deur oud-minister Beyers toe hy regter van appèl was uitgedruk, kan dit met reg gesê word dat ons hof die uiterste skans van die indiwidu teen onderdrukking en onregverdigheid is. Laat ons liewers nie peuter met 'n instrument wat in die verlede so goed gewerk het nie; immers een van die redes waarom appèl na die Geheime Raad afgeskaf is, was die argument dat daar geen hof ter wêreld is wat meer bekwaam is om Suid-Afrikaanse wet uit te lê as ons eie Appèlhof nie; en om nou 'n hof te probeer stig wat nog meer bekwaam sal wees skyn vir my twyfelagtig te wees.

### ALMAL DIEN VOLK

Laat ons liewers die wet verander waar ons dit foutief vind. In hierdie verband hoor ons vandag so baie van die woord „soewereiniteit." Vir my skyn dit baie eenvoudig dat die volk (dit wil sê die stemgeregtigdes in die land) die uiteindelike opperste gesag uitoefen. Hulle doen dit deur hulle wetgewende liggaam, die parlement, hulle uitvoerende of administratiewe liggaam, die kabinet, en hulle regsprekende liggaam, die geregshof. Daarom het ons in werklikheid vandag drie hoofstede, Kaapstad, Pretoria en Bloemfontein.

Om te sê dat die parlement die opperste gesag is klink nie vir my reg te wees nie, want dan moet ons byvoorbeeld aanneem dat genl. Smuts reg was toe hy ons met 'n meerderheid van dertien parlementêre stemme in 'n Europese oorlog ingedompel het — 'n posisie wat ek persoonlik nog nooit aangeneem het nie. Baie van ons het gevoel dat dit 'n saak van so 'n gewigtige aard was, dat hy na die volk as 'n geheel moes gegaan het. En wat verhoed ons regeerders om dit nou te doen — nie in verband met 'n algemene verkiesing nie, want dan kom daar ook ander kwessies in die gedrang wat miskien die water vertroebel, maar bloot as 'n reguit vraag aan iedere stemgeregtigde in die land in die vorm van 'n referendum? As hierdie prosedure gevolg word is dit moontlik dat 'n groot aantal van die Verenigde Partylede, miskien 75 persent van hul lede in Natal, ten gunste van die regering sal stem.

### GRONDWET NODIG

Daar is gesê dat die regering nou voorkeur gee aan die Britse stelsel van prosedure terwyl die opposisie die Amerikaanse stelsel aanhang. Vier jaar gelede toe ek in Amerika was het ek my juis toegelê op hulle regsprosedure en howe en my opinie daar uitgespreek dat dit die beste van hulle stelsel was dat die Federale Hooggeregshof die mag besit om wetgewing van hulle hoogste wetgewende liggaam onkonstitusioneel te verklaar as dit bots met die konstitusie.

Die Afrikaner is 'n persoon wat baie geheg is aan sy wette en 'n afsku het vir wetteloosheid. Een van die eerste dade van die Voortrekkers by Winburg was om 'n grondwet of konstitusie op te stel en 'n goewerneur en 'n landdros te kies. As die Suid-Afrika-wet nie beantwoord aan sy doel nie, laat ons dan by wyse van 'n volkstemming 'n ander in sy plek stel, maar laat ons regbank soos altyd die waghond bly van ons grondwet en die regte van die indiwidu.

(Die skrywer meld dat hierdie brief, wat ons ietwat verkort het, deur H.P.-koerante geweier is.—RED.)


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**1652 — VAN RIEBEECK-FEES — 1952**

**LEERWERK:** Bybelomslag plus boekmerk — 10/-; Gesangboekomslag — 7/-. Alles van egte swart leer met die Van Riebeeck-standbeeld, Voortrekkermonument pragtig daarop geëndosseer. **Aflewering einde Mei. Bestel nou!! K.M.B.. J. Stemmet, „AO," Posbus 103, Knysna.** 14/5/2B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49


## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

# Volk Moet Nou Kies

**Mnr. D. G. Swart, Eersterivier, skryf:**

By 'n vorige geleentheid het ek aangekondig dat ek uit die partypolitiek bedank het. Dit het jare geneem om los te kom. Dit het groot kraginspanning gekos. Nou geniet ek die vryheid waartoe ek andere wil bemoedig. Ek het baie gelukwensings ontvang. Baie wil weet wat ek in die mou hou, wat ek gaan doen in die toekoms. Ek het beloof om later bekend te maak wat ek gaan doen.

Ek het die voorreg gehad om genl. Hertzog en sy vrou persoonlik te ken. Mev. Hertzog was 'n geloofsgenoot. Een môre, terwyl ek wag op 'n kruising met treine op Koup-spoorwegstasie, het ek die voorreg gehad om lank met genl. Hertzog en sy vrou te gesels. Dit was in 1932. Die woorde van die oorledene klink nog in my ore: „Laat ons ons daarop toelê om vo'lkseenheid te bewerkstellig." Mev. Hertzog het sy woorde beamen deur te sê: „Mag God u eendag gebruik om u deel by te dra."

Ek het gemeen om my onverdeelde deeltjie binne die Nasionale Party by te dra.

Wat my afgeskrik het is die eleksie-manifeste van die partypolitiek en die gedurige uitvissery van mekaar se foute. Elkeen se manifes belowe hemel en aarde en besing die eie deugdelikhede van die party. Daarenteen word die teenparty se manifes genadeloos uitmekaar geskeur. Sulke dinge maak 'n Christelike volk dood. Ek het sake biddend oorweeg en vir my is daar net een uitweg.

Die tyd het aangebreek dat ons volk los gemaak moet word van die Britse imperialisme en kapitalisme. Die volk moet los kom van die voortdurende kompromitterende partystelsel ooreenkomstig die „status" van 1926. Ons wil 'n republiek hê. Die krampagtige vasklouing aan die valse „soewereiniteit" en valse onafhanklikheid moet beëindig word. Republikanisme in Suid-Afrika moet herleef soos nog nooit tevore nie.

Die volk sal gevra word om te kies of Suid-Afrika vir altyd onder die Britse Ryk of 'n onafhanklike republiek moet wees. Ons volk kan nie bekostig om

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kol.)

verder sy republikeinse ideaal te verloën nie.

Die „Konsep-grondwet vir die S.A. Republiek," opgestel deur die volksorganisasies en die H.N.P., is baie duidelik. Al wat ons vra is dat dit in werking gestel word.

## *Tien Jaar Gelede*

### VEROWERING DEUR 'N PARTY

Op 13 Mei 1942 het DIE O.B. in verband met die eensydige insleping van Suid-Afrika in die oorlog deur 'n politieke party teen die meerderheidswil van die gevestigde volk, onder meer as volg geskryf:

„Sedert die stigting van die Unie is die militêre stryd tussen die Boerevolk en Engeland wat in 1902 afgesluit is, op politieke gebied voortgesit. Sedert dien was daar 'n worsteling aan die gang tussen **politieke partye** om die beheer oor Suid-Afrika . . . Die stemreg was vir almal en elke uitlander het die reg gehad om vir hom 'n politieke party te kom stig waarmee hy die bewind oor die land kon verower en in naam van sy party regeer. Op hierdie wyse het Engeland 'n konstitusionele vyfde kolonne in die vorm van 'n politieke party in Suid-Afrika opgebou."

# ONDERDRUKKING VAN MENINGS

**In ons briewe-kolomme verskyn 'n brief van 'n nasionaalgesinde advokaat wat nie met die regering se oplossing akkoord gaan nie in verband met die konstitusionele „krisis". Volgens sy mededeling het Nasionale Party-blaaie publikasie van sy brief geweier.**

Uit redaksionele antwoorde op ongepubliseerde briewe in Die Burger blyk ook die briewe wat van die regering verskil oor hierdie saak geweier word. Die vo'gende aantekeninge onder „Briewebus" net in een uitgawe (8 Mei) spreek van sulke „afwykende" standpunte wat afgewys word:

„Teleurgesteld op W.—Rig liewer u woorde tot 'n organisasie wat planne beraam om die land in chaos te dompel."

„J.D.J. — Ander kwessies kom ook maar in gedrang in 'n referendum, wat in elk geval vreemd is aan ons stelsel."

„S. d. B. op U.—Alles word gedoen om die gevare wat u noem te vermy."

**Die vraag wat 'n mens stel is: Kan die volksgevoel getoets word wanneer nasionaalgesindes met selfstandige standpunte doodgeswyg word oor so 'n belangrike saak soos dié waaroor die land in rep en roer is? Moet almal net dink soos die partyleiers wil hê hulle moet dink?**


## *Volgeling se Vermaning aan Leiers*

Die gedrag in die parlement — wat 'n besoeker 'n week of wat gelede „spraakloos geskok het" — het 'n vriendelike vermaning aan die adres van politieke leiers aan 'n leser van Die Burger ontlok.

Mnr. J. D. A. Crafford, Carnavon, verwys in genoemde blad na die „ongebreidelde taal" in die parlement, wat dan in die pers beland en skynbaar onder volgelinge voortgeplant word. „En die verkiesing lê nog ver. . . waar beland ons teen daardie tyd?"

**„Dis tyd dat ons ons besin. As belangstellendes in landsake, en in die eer en wel en wee van ons bevolking, vra ons ons verantwoordelike leiers en leidende persone om ewewig en selfbedwang te probeer behou. Ons het almal ons senuwee-aanvalle, maar as volgelinge eers die voorbokke agterna straal, kan dit mettertyd 'n onhoudbare toestand afgee. Laat ons ons besin!"**


**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se *gewildste* sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3078A

# HULP AAN BRITTANJE IS TOT NADEEL VAN S.A. SÊ PROFESSOR

**In 'n insiggewende artikel in Die Huisgenoot oor die „sterlingkrisis" waartoe Suid-Afrika weens sy verband met die Britse Empire ook tot offervaardigheid opgeroep is, toon prof. dr. H. W. J. Wijnholds aan dat dit nie in Suid-Afrika se belang is om Brittanje ekonomies te help nie en dat sy uiterste hulp in ieder geval ook nie veel aan Brittanje se toestand kan doen nie. Suid-Afrika maak dit vir homself net moeiliker.**

**Prof. Wijnholds skryf onder meer:**

„Om 'n oordeel te kan vorm oor die uiteindelike hulp van Suid-Afrika, moet 'n mens die posisie van die Unie se betalingsbalans en sy devieseposisie nagaan. **In 1951 het die Unie se betalingsbalans (goud ingesluit) 'n tekort van £110 miljoen gewys.** Die netto kapitaaltoestroming in 1951 was £72 miljoen. Dus moes die Unie in hierdie tydperk £38 miljoen uit sy reserwes trek. Dit het hom op 31 Desember 1951 gelaat met 'n goudreserwe van £67 miljoen en buitelandse wissels (hoofsaaklik sterling) van £69 miljoen. Hierdie syfers was aan die einde van Februarie 1952 prakties onveranderd.

„Uit die bostaande kan 'n mens twee gevolgtrekkinge maak. **In die eerste plaas dat die posisie van Suid-Afrika self glad nie sodanig is nie dat groot reserwes vir oordrag aan Engeland beskikbaar is nie.** Ek laat hierby die kapitaal-toevloei buite beskouing — in die eerste plaas omdat dit 'n onseker faktor is en in die tweede omdat dit ons in hoofsaak sterling oplewer en geen goud nie. Dit is natuurlik moontlik om die invoer uit die dollargebied sodanig te beperk dat meer goud ter beskikking van Engeland kan kom, maar 'n mens sal daarby tog versigtig moet wees. **Daar is baie goedere wat ons beter en goedkoper in die V.S.A. kan koop.** Indien op die invoer van noodsaaklike goedere besnoei word, moet dit tot 'n verstoring van die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe lei. Dit is op die oomblik reeds baie moeilik om Amerikaanse onderdele vir motors in die hande te kry.

### BAIE OFFERS

Verder moet ons daaraan dink dat dit sowel in Suid-Afrika as in Engeland se belang is dat die Vrystaatse goudvelde so spoedig moontlik tot die produksiestadium gebring word, **en die masjinerie wat hiervoor nodig is, moet in hoofsaak uit die V.S.A. kom. Ook sal die lewe nog duurder word deur 'n vervanging van Amerikaanse deur Britse goedere. Reeds het die koste van lewensonderhoud gestyg ten gevolge van beperking van die invoer uit die V.S.A. Tekstieldeskundiges het verklaar dat die pryse van tekstielware in die V.S.A. 25 persent laer is as in Engeland. Die aangekondigde beperking van stukgoedere uit dollarlande sal dus die lewenskoste weer laat styg. Hieruit blyk wel dat Suid-Afrika al baie offers gebring het en nog daagliks bring om sterling te steun.**

„Die tweede gevolgtrekking wat 'n mens uit die genoemde syfers kan maak is dat die tekort op die Britse betalingsbalans so groot is (ongeveer £1,350 miljoen per jaar) dat die hele jaarlikse goudproduksie van Suid-Afrika (£150 miljoen) 'n druppel in die emmer sal wees. **'n Mens vra jou af of dit dan wel geregverdig is om sulke groot offers te bring as die resultaat 'n druppel op 'n gloeiende plaat is . . .**

### NIE IN ONS BELANG

„Daar is deur sommige aangevoer dat dit in Suid-Afrika se eie belang is om Engeland en sy valuta te steun en dat die hulp aan Engeland dus hulp aan die Unie self is. Daarby is ook gewys op drie voordele verbonde aan die ‚lidmaatskap' van die sterlingblok.

„Engeland, so word gesê, is Suid-Afrika se beste klant en daarom moet die Unie help om Engeland se valuta-posisie te verbeter.

„Engeland is inderdaad Suid-Afrika se grootste koper. Dit is ook juis om te wens dat jou koper koopkragtig moet bly. Dit gaan egter daar om watter offers daarvoor gebring moet word en in hoeverre dit kan help om die posisie werklik aansienlik te verbeter. **Engeland is egter nie alleen Suid-Afrika se belangrikste koper nie, hy is ook sy grootste leweransier. Suid-Afrika se uitvoer na Engeland het in 1951 £73.0 miljoen bedra en sy invoere uit Engeland £166.4 miljoen. 'n Mens sou dus met meer rede kan sê dat Engeland moet sorg dat Suid-Afrika koopkragtig moet bly. Wanneer ons bedink dat die meeste lande op die oomblik aandring op 'n ewewig van in- en uitvoer met 'n bepaalde land (bilaterale ooreenkomste) dan kan ons sê dat Engeland deur Suid-Afrika baie, baie edelmoedig behandel word.** Ook al sou Engeland sy invoer moet verminder, dan sou Suid-Afrika daar tereg op kan aandring dat die invoer uit ander lande en nie die uit Suid-Afrika beperk moet word. **Trouens, Engeland koop reeds in Suid-Afrika so min as moontlik om sy uitvoeroorskot so groot moontlik te hou. Die oorskot word naamlik in goud betaal.** Vrees dat Engeland sy invoer uit die Unie belangrik sal verminder, hoef daar nie te bestaan nie.

### VALSE ARGUMENT

„Dan is daar die kwessie van ‚lidmaatskap' van die sterling blok. Daar is beweer dat, wanneer sterling verder verswak sou word, ook Suid-Afrika se valuta in gevaar sou kom. **Die argument en bewerings wat hier gebruik word, is meestal uiters vaag en ek waag dit om te sê dat mense baie keer nie weet waarvan hulle praat nie."**

Die skrywer spreek dit as sy mening uit dat 'n verswakking van sterling nie noodwendig 'n opheffing van die vrye kapitaalverkeer tussen die sterlinglande hoef mee te bring nie. Die twee dinge het geen regstreekse verband nie. **Maar die vraag is of dit in alle omstandighede in Suid-Afrika se belang is dat Britse kapitaal hier vry belê kan word.**

### GOEDERE NODIG

„'n Jong land het baie kapitaal nodig vir sy ontwikkeling en die kapitaal moet vir 'n deel uit die buiteland kom, indien 'n snelle ontwikkeling gewens word. Kapitaal beteken egter nie net geld nie, maar veral kapitaal-goedere. **Wat nodig is, is masjiene en toerusting.** En die kapitaal uit die buiteland help alleen indien daarmee die nodige kapitaal-goedere gekoop kan word. 'n Groot deel van die toerusting — veral van die goudmyne — moet uit die V.S.A. ingevoer word. Die toevloeiing van strelingkapitaal help ons dus hier glad nie. **Indien daar geldkapitaal uit die buiteland toevloei, sonder dat daarmee in die buiteland masjiene, ens., gekoop kan word, vermeerder die kapitaal hier net die inflasionistiese neiging.** Daarby kom nog 'n ander punt. Wanneer 'n land kapitaal wil uitvoer na 'n ander land, moet hy sorg dat sy betalingsbalans met die betrokke land 'n oorskot vertoon wat dan vir kapitaalbelegging gebruik kan word. Wat is egter die geval met Engeland? **Suid-Afrika betaal die tekort op sy betalingsbalans met Engeland in goud. Daar is dus feitlik geen Engelse kapitaal wat hier belê kan word nie. Wat gebeur, is dat Engelse ponde gewoonweg omgeruil word teen Suid-Afrikaanse ponde. Solank daar nog 'n groot**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**sterling-tegoed is, is daar geen behoefte aan verdere Engelse kapitaal nie.** Anders word die situasie wanneer die sterling opgebruik word vir aankope. Indien dan nuwe Britse kapitaal sou toevloei en Suid-Afrika sou daarmee noodsaaklike kapitaal-goedere kan koop, dan sou dit welkom wees. Dit geld ook indien die Unie daarmee ander noodsaaklike invoer sou kan betaal, indien daardeur goud bespaar sou word, waarmee masjinerie uit dollarlande aangekoop sou word. Die kwessie van die vrye kapitaalverkeer is daarom nie so eenvoudig as dit tans voorgestel word nie. Dit volg ook duidelik uit die feit dat die Regering sy bes doen om dollarlenings te verkry, ondanks die feit dat daar 'n groot saldo in sterling aanwesig is."

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood:
Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

# AUSTRALIË STEL 'N VOORBEELD

**„Hoe lief ek Engeland ook al het, Australië kan dit nie bekostig om lande soos Frankryk en Italië, wat hom 'n gunstige handelsbalans besorg het, in die gesig te klap nie," het die eerste minister van Australië, Robert Menzies, verlede week in die parlement gesê toe hy hom moes verdedig teen die opposisie se kritiek op sy besnoeiing van Britse invoer.**

**Menzies se regering het 'n paar maande gelede teen alle lojale verwagtinge drasties gesnoei aan invoere uit Brittanje.** Sy „dislojale" houding het skerp bespreking in die Britse parlement uitgelok en daar is voorgegee dat Australië Brittanje in die uur van sy nood in die steek gelaat het. Menzies se antwoord hierop is dat Australië in die eerste plaas sy eie belange in ag moet neem.

**Die houding van Menzies is vir Suid-Afrika 'n voorbeeld. Waarom moet ons land ten koste van sy eie burgers groter hulp aan Brittanje lewer as wat sy Engelssprekende dominiums bereid is om te doen?**


# NUWE PARTY

'n Nuwe Party, die Suid-Afrikaanse Christelike Koalisieparty, word groot en teen aansienlike koste in die dagbladpers geadverteer. Die vernaamste punte van die party se beleid is „verantwoordelike burgerskap," wat onder meer meebring afsonderlike verteenwoordiging van Naturelle en Kleurlinge deur hul eie ras in die parlement, ongeskondenheid van die grondwet, trou aan die Britse en eer aan die Hollandse kroon en nouer samewerking met Amerika in 'n Westerse bond. Die party staan ook vir tweetaligheid, en twee volksliedere — die Suid-Afrikaanse Volkslied en die Koninklike Volkslied (klaarblyklik Die Stem en The Queen).

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

*Die Verhaal van die Suid-Afrikaanse Vervoerwese*

## DIE KAAPSE REGERING-SPOORWEË



ALHOEWEL Natal met reg op die ingebruikneming van die eerste spoorweg in Suid-Afrika aanspraak kan maak, was dit nietemin die Kaap wat die eerste op die gedagte van spoorweë gekom het en ook die eerste om 'n langafstandsroete—die 58 myl tussen Kaapstad en Wellington—te eksploiteer. Toe die Kaapse Regering die spoorweë oorgeneem het, was daar reeds lyne van Zoutrivier na Wynberg en van Port Elizabeth na Uitenhage. Grootskaalse uitbreiding het in die sewentigerjare plaasgevind, toe die blink ysterstawe hul weg van Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen af na die binneland begin baan het om mettertyd die grens van die Vrystaat, Transvaal en Rhodesië te bereik. By die totstandkoming van die Unie het die Kaap byna die helfte van die 7,577 myl spoorlyn waaruit die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë destyds bestaan het, bygedra.



**Cape Town & Wellington Railway.**

THROUGH BOOKING TO AND FROM SOMERSET WEST.

On and after the 17th instant, Omnibuses will meet the undermentioned Trains at Eerste River.

WEEK DAYS:
Arriving at Eerste River, 8.15 a.m.
" 5.15 p.m.
Leaving " 8.30 a.m.
" 5.35 p.m.

SUNDAYS:
Arriving at Eerste River, 8.40 a.m.
" 5.10 p.m.
Leaving " 9.0 a.m.
" 5.30 p.m.

FARES BETWEEN CAPE TOWN AND SOMERSET WEST:
CLASS, 1st, 2nd, and 3rd,
7s. 3d., 5s. 6d., 4s. 8d.

RETURN DAY TICKETS:
10s. 10d., 8s. 4d. —

PARCELS BETWEEN CAPE TOWN AND EERSTE RIVER:
1 lb., 15 lbs., 25 lbs.
6d., 8d., 1s. 3d.

And Omnibus will also run from the Eerste River Station to the "Fox and Hounds," at a charge of 9d. for each Passenger.

JOSEPH LYNDALL, Traffic Manager.

Cape Town, 18th February, 1862.

*BO: Hier is een van die heel eerste tydtafels van die eerste spoorweg aan die Kaap, toe die spoorlyn nog net so ver as Eersterivier gestrek en 'n omnibus 'n mens verder na Somerset-Wes geneem het. Daar was elke dag twee treine in beide rigtings en 'n eersteklas daaglikse retoerkaartjie het 10/10d. gekos.*

*ONDER: Met hierdie silwergraaf, wat tans in die Suid-Afrikaanse Museum te Kaapstad bewaar word, het sir George Grey die eerste sooi by die aanleg van die Kaapstad - Wellingtonse spoorweg in 1859 omgekeer.*



Een van 'n Reeks Advertensies wat deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in 1952, die Jaar van Suid-Afrika se Derde Eeufees, Aangebied Word.

SAS4